# LEUVEN EN ROME: TWEE INTERNASIONALE NUWE TESTAMENTIESE KONGRESSE

Gedurende Augustus 1981 het twee internasionale Nuwe Testamentiese kongresse in Europa plaasgevind. Vir die lesers van ons blad mag dit interessant wees om 'n bietjie meer inligting oor hierdie byeenkomste te bekom.

*LEUVEN*

Vanaf 19 tot 21 Augustus 1981 het die sg Colloguium Biblicum Lovaniense in die ou Belgiese universiteitstad Leuven plaasgevind. Hierdie sg "Bijbelse Studiedagen" word deur die Teologiese Fakulteit gereël en gaan tradisioneel aan die byeenkoms van die *Studiorum Novi Testamenti Societas* vooraf. Vanjaar het 150 Nuwe Testamentici uit alle wêrelddele in Leuven byeengekom, vanaf Japan tot die VSA. Verblydend was ook die relatief groot groep Suid-Afrikaners (8) wat dan ook aktief aan die program deelgeneem het. Een van die voordragte is gelewer deur prof W S Vorster van Unisa oor die tema: "Redaction, Contextualisation and the Sayings of Jesus".

Die tema vanjaar was "Die woorde van Jesus in die vroeg-christelike oorlewering" en die aandag was veral op die sg Q-bron toegespits wat saam met Markus volgens die twee-bronne-hipotese die basis vir Mattheus en Lukas gevorm het. Die konferensie was gelukkig om erkende outoriteite oor die onderwerp, soos Vögtle en Schürmann te hoor en hul bydraes was van die mees waardevolle. Ongelukkig was daar (uit die aard van die onderwerp moontlik verstaanbaar) geen sterk voorstanders van die prioriteit van Mt nie, sodat dit nie werklik tot 'n debat met voorstanders van Mk-prioriteit gekom het nie. Lg posisie is onlangs sterk aangeval, maar in Leuven was die algemene konsensus dat dit tog die beste verklaring vir die sinoptiese probleem bied. In die woorde van Schürmann: Q is nie langer slegs 'n bruikbare werkshipotese nie, dit is as die fragment Q 'n entiteit wat met voldoende sekerheid vasgestel kan word.

In die bespreking het egter ook die grense van hierdie benadering aan die lig getree, in besonder soverre dit die beperktheid van historiese

gegewens betref. Veral wanneer die Q-bron self verder gefragmenteer word om verskillende mini-versamelings aan te dui, wat op hul beurt 'n reeks van redaksionele hersieninge deurloop het, is dit baie moei=lik om te ontkom aan die indruk dat die beskikbare gegewens hier heeltemal oorspan word. Dit blyk ook verder uit die willekeurige en dikwels lukraak wyse waarop 'n Sitz im Leben vir die verskillende ver=samelings of redaksies versin word. Hierdie spekulatiewe aanpak het die oortuiging versterk dat 'n meer teksgebonde benadering, soos veral in Suid-Afrikaanse kringe ontwikkel is, 'n veel vrugbaarder moontlik=heid bied en dat dit so sterk moontlik uitgebou behoort te word.

Die kongres het op gepaste wyse hulde gebring aan sy stigter, prof Coppens wat gedurende Mei 1981 oorlede is. Nie alleen was hy die dryfkrag agter die hele idee van die Leuvense Studiedagen nie, maar het hy dwarsdeur die afgelope 32 jaar aktief aan die verrigtinge deelgeneem en self wyd gepubliseer op die gebied van die Ou Testament.

*ROME*

Die ses-en-dertigste kongres van die *Studiorum Novi Testamenti Socie=tas (SNTS)* het van 24-28 Augustus 1981 in Rome plaasgevind. Om in hierdie antieke stad te kom, waar hede en verlede onlosmaaklik in mekaar verstrengel lê en naas mekaar voortleef, is 'n ervaring op sig=self. Om daarby in een van die belangrikste sentra van die vroeë Chrstendom besig te wees met vrae oor die oorsprong en oordrag van die Christelike geloof, het aan die byeenkoms 'n besondere dimensie ver=leen. Die kongres het daarom op twee sake gefokus: Eerstens is spesiale aandag gegee aan die historiese agtergrond van die Christen=dom in Rome en met verskeie besoeke ter plaatse, o a aan die jongste opgrawings in dié stad, was die besprekings meer as net teoreties van aard. Tweedens is op hermeneutiese probleme gekonsentreer en 'n spesiale seminaar is daarvoor ingerig.

Naas die gebruiklike voordragte, word 'n groot deel van die SNTS se werk in die vorm van seminaargroepe afgehandel. Hierdie groepe kon=sentreer op 'n bepaalde probleemveld en stel 'n werksprogram op wat

normaalweg oor 'n paar jaar strek. Die bedoeling hiermee is tweërlei - om kontinuïteit en koördinasie in navorsing te bevorder en om spe= sialiste op 'n bepaalde terrein in 'n werksgroep saam te trek. Van= jaar is die volgende seminare aangebied (met die name van die voor= sitters tussen hakies):

1 *The Use of the Old Testament in the New* (Prof A T Hanson)
2 *Traditionen im Corpus Paulinum* (Proff E E Ellis en P Stuhlmacher)
3 *The Fourth Gospel* (Prof D M Smith)
4 *Symbols, Metaphors and Models in the New Testament* (Proff E V Knight en W Schenk)
5 *Autour de la Mort de Jésus: L'interprétation paulinienne* (Proff M Carrez en X Léon-Dufour)
6 *The Context of New Testament Ethics* (Prof L Schottroff)
7 *The Pseudepigrapha and the New Testament* (Prof J H Charlesworth)
8 *The Synoptic Problem* (Dr M D Goulder)
9 *Textual History of NT Writings in the Second Century* (Prof T Baarda)
10 *The Social Background of Early Christianity* (Prof E Best)
11 *Hermeneutics* (Prof H Riesenfeld)

As belangrikste internasionale Nuwe Testamentiese vereniging, staan die byeenkomste van die SNTS gewoonlik in die brandpunt van die jongste ontwikkelinge op die vakgebied. Vanweë sy samestelling bied die SNTS 'n uitstekende geleentheid vir skakeling met kollegas en persoonlike kontak met leidende ondersoekers op die vakgebied. Onder die onge= veer 300 kongresgangers was 7 Suid-Afrikaners aanwesig, waarvan die volgende referate gelewer het:

Prof A S Geyser (Wits): *The Epistle of James in Rome*
Prof W S Vorster (Unisa): *Kerygma/history and the Gospel genre*
Prof B C Lategan (Stellenbosch): *Some unresolved methodological issues in New Testament hermeneutics* (in die hermeneutiek-seminaar)

Daar kan geen twyfel bestaan dat voortgesette internasionale kontak met vakgenote van wesenlike belang vir die ontwikkeling van die Nuwe Testamentiese wetenskap hier te lande is nie. Dit was verblydend om te verneem dat werk wat hier gedoen word, groter aandag begin geniet en dat bv die reeks *Handleiding by die Nuwe Testament* (onder redaksie

van prof A B du Toit van UP), waarvan die eerste deel tans in Engels beskikbaar geword het, voorgeskryf word deur o a prof Metzger van Princeton vir een van sy kursusse.

Aan die ander kant was dit baie duidelik dat die Nuwe Testamentiese wetenskap tans 'n beeld van groot uiteenlopendheid en selfs van ver= skeurdheid vertoon. Van 'n gemeenskaplike metodologiese benadering tot die vak is daar weinig sprake. Dit beteken geensins dat 'n ver= beeldinglose uniformiteit die ideaal is wat nagestreef moet word nie, maar wel dat eksponente van verskillende benaderinge ernstig en deur= lopend met mekaar in gesprek sal tree. Soms kan mens nie aan die indruk ontkom dat Nuwe Testamentici so geïsoleerd van mekaar geraak het dat van wedersydse bevrugting feitlik geen sprake is nie. Dit is die enigste verklaring waarom met sekere metodologiese benaderinge eenvoudig voortgegaan word asof daar intussen hoegenaamd geen nuwe ontwikkelinge op die vakgebied was nie. Vir die gesonde verdere ontplooiing van die vak is dit belangrik dat hierdie tendens omgekeer word. Dit sou goed wees om een hele byeenkoms aan hierdie problema= tiek te wy en indringend na die stand van die wetenskap te kyk. So sou 'n beter perspektief verkry kon word op moontlike toekomstige ontwikkelinge en die rigtings waarin verdere studie gestimuleer be= hoort te word.

Die tentatiewe program vir die volgende paar jaar sien soos volg daaruit:

1982: Leuven, België (23-27 Augustus)
1983: Canterbury, Engeland (22-26 Augustus)
1984: Athene
1985: Basel
1986: V S A
1987: Göttingen

Nuwe seminare oor Markusevangelie en Openbaring word ook vir die vol= gende byeenkoms in vooruitsig gestel.

B C L